KURRIKULUM

Die skool is onlosmakend deel van die veranderende gemeenskap waarin ons leef en pas die kurrikulum toe deur bewus te wees van die volgende faktore:

- Visie en missie van HMS La Rochelle
- Diversiteit van skoolgemeenskap
- Tweetaligheid van leerders
- Leierskapontwikkeling in die skool en klaskamer
- Toepassing en invloed van inligtingstegnologie
- Menseregte van leerders en personeel
- Invloed van besighede en Paarl-gemeenskap op skool
- Tradisies en historiese agtergrond van skool
- Verwagting van ouergemeenskap
- Persoonlike behoeftes en verwagtinge van leerders
- Vestiging van ‘n sosiale gewete by leerders
- Belangrike rol van die vrou in ons samelewing
- Ontwikkeling van professionele dames in toekomstige werkplekke.
- Opdragte, projekte en klasbesprekings sal van so ‘n aard wees dat dit bogenoemde faktore sal versterk. Hierdie fasette sal die deurlopende tema wees in saalbyeenkomste, lewensoriëntering, opleidingseminare, bemarkingsmateriaal, ens.

VAKKE & VAKKEUSES

VAKKE: GRAAD 8 & 9

- La Rochelle pas die beginsels in die verskillende vakke toe soos omskryf in die KABV.
- Leerders word binne die vakke bekendgestel aan vakke wat in Graad 10 tot 12 aangebied word, bv. Rekeningkunde as deel van EBW. Onderrig in hierdie verband geskied sodat leerders genoegsaam basiese opleiding ontvang om met keusevakke voort te gaan in graad 10 tot 12.
- Duits en Frans word as keusevakke aangebied in gr 8 en 9 as voorvereiste om daarmee aan te gaan in gr 10 – 12.

VAKKEUSES: GRAAD 8 & 9:

* Alle verpligte vakke
* Kies een van Afrikaans Huistaal of Eerste Addisionele Taal (een van Afrikaans of Engels moet op Huistaalvlak aangebied word)
* Kies een van Engels Huistaal of Eerste Addisionele Taal
* Kies drie van
  Duits Tweede Addisionele Taal **OF** Frans Tweede Addisionele Taal
  Kuns (onderafdeling van Skeppende Kunste)
  Musiek (onderafdeling van Skeppende Kunste)
  Drama (onderafdeling van Skeppende Kunste)

VAKKE: GRAAD 10, 11 & 12

- ‘n Wye verskeidenheid bied aan leerders die geleentheid om op verskeie terreine kennis op te doen vir latere keuses op tersiêre gebied.
- Die skoolrooster is so ontwerp dat leerders meer as 7 vakke in skooltyd in graad 10, 11 & 12 kan neem.
- Ontwerpkuns, Visuele Kuns en Ingenieursgrafika & Ontwerp word (**slegs as 8ste vak)** by sentrums buite die skool aangebied.
- Met toestemming van die Akademiesehoof mag ‘n ekstra keusevak aangebied word. Indien ‘n leerder met ekstra vakke vir enige vak in ‘n eksamen onder 40% behaal, word die leerder verplig om ‘n vak te staak.

VAKKEUSES: GRAAD 10, 11 & 12:

* Kies een van Afrikaans Huistaal of Eerste Addisionele Taal (een van Afrikaans of Engels moet op Huistaalvlak aangebied word)

* Kies een van Engels Huistaal of Eerste Addisionele Taal

Verpligtend: Lewensoriëntering, Wiskunde/Wiskunde Geletterdheid

* Vakke aangebied by die skool:

Lewenswetenskappe	Geskiedenis
Fisiese wetenskappe	Musiek
Geografie	Toerisme
Rekeningkunde	Gasvryheidstudies
Frans Tweede Addisionele Taal	Rekenaartoepassingstegnologie
Duits Tweede Addisionele Taal	Drama
Besigheidstudies	

Universiteitstoelating: ’n leerder moet in minstens 4 vakke (waarvan die taal van onderrig ‘n vereiste is) ’n slaagpunt van 50% of meer kry om toegelaat te word tot ’n Baccalaureusgraad. Let steeds op na die vereistes van universiteite vir toelating tot ‘n universiteitsgraad.

Vakke by ander instansies; Ingenieursgrafika. Visuele Kunste, Inligtingstegnologie, Ontwerpkuns, Admaths.

Ontwerpkuns, Visuele Kuns, Inligtingstegnologie, Ingenieursgrafika, Admaths (nie kurrikulumvak) mag slegs as **‘n ekstra keusevak (8ste vak)** aangebied word.

VAKVERANDERINGS:

Die Nasionale beleid bepaal dat vakveranderings in graad 10, 11 en 12 vermy moet word, tensy dit absoluut noodsaaklik is en in die beste belang van die betrokke leerder is.

- Ouers moet skriftelik aansoek doen by die adjunkhoof (assesseringskoördineerder) en ook die rede(s) vir die versoek aandui. Die amptelike departementele vorm moet voltooi word. Die assesseringskoördineerder moet seker maak dat die ouer en die leerder die gevolge verstaan van die vakverandering wat hulle versoek.

- Die assesseringskoördineerder moet met die leerder, haar ouer/voog en die vakonderwyser beraadslaag om seker te maak dat konsensus bereik is of dit in die beste belang van die leerder sal wees om ’n vak te verander.

- Graad 10: ’n Maksimum van 2 vakke kan verander word. Aansoek moet gedoen word by die assesseringskoördineerder voor die einde Junie.

- Graad 11: Aansoek moet gedoen word by die Distrikskantoor voor einde Februarie. Twee vakke mag in graad 11 verander word. ***Vakveranderinge vir graad 12 moet voor die einde van die graad 11 akademiese skooljaar gedoen word.***

- Graad 12: Geen vakveranderinge word toegelaat nie.

- Wanneer die Onderwysdistrikskantoor of Hoofkantoor ‘n vakverandering goedgekeur het, sal SOBIS outomaties bygewerk word en ‘n e-pos sal aan die skool gestuur word.